


# Koejawel Nuus

## Koejawel Produsente Vereniging Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road  
PAARL  
7646  
Posbus 426 P O Box  
PAARL  
7620

 [021 872-1501

Fax [021] 872-2675

Redakteur/ Editor Wiehahn Victor

---

## Inhoudsopgawe / Index

	Bladsy
1. Inhoudsopgawe	1
2. Bedryfsaangeleenthede	2
3. Generiese Promosie & Reklame vir Koejawels	3 – 4
4. Worldwide Market for Exotic Fruit	4
5. Verbruikerstudie Olimpiade	5
6. Koejawelverwelksiekte : Waarskuwing	6 - 7
7. Bestuur van die Vereniging	8
8. Boomsensus	8

## **BEDRYFSAANGELEENTHEDE**

Die 2010-oesjaar van koejawels is vir sommige areas iets van die verlede, terwyl die laat areas soos Kraaifontein steeds baie koejawels het om te oes. 'n Goeie gemiddelde oes word voorsien met 'n skatting dat tonnemaat baie dieselfde as die vorige seisoen kan wees.

In die Porterville area was die oes vroeg en van goeie kwaliteit terwyl Wellington meer en groter vrugte as die vorige seisoen gelewer het. In die Paarl area word 'n goeie oes verwag. In die Stellenbosch/Kraaifontein areas is die oes later en word dieselfde oes as die vorige seisoen verwag. As gevolg van die droogte in die Suid-Kaap word ten minste 700 - 800 ton minder koejawels uit die Klein Brakrivier area verwag.

Die bedryf het weereens hierdie jaar vrugte by lewering laat ontleed vir spuitstof residue. Tot op datum is 144 monsters ontleed.

Marktoestande vir ingemaakte koejawels, asook koejawelsap is tans geweldig stram. Die wêreldwye ekonomiese krisis veroorsaak dat die verbruiker se besteebare inkomste laag is en die vraag na ons produk word daardeur beïnvloed. Die markprobleem word verder vererger deur 'n baie sterk Rand. Uitvoere is tans onwingsgewend nie net as gevolg van marktoestande nie, maar ook weens die wisselkoers betalings teurg in Suid-Afrika.

Die gevolg van die stram marktoestande en die wisselkoers veroorsaak natuurlik nou 'n verdere volume probleem. Van die verwerkers het reeds aangedui dat hulle nie alle koejawels kan verwerk nie en is kwotas ingestel. Ons sit dus tans met 'n prys sovel as volume probleem.

- Wiehahn Victor -

## GENERIESE PROMOSIE & REKLAME VIR KOEJAWELS

Die Koejawel Produsente Vereniging het vir die derde agtereenvolgende jaar besluit om die gebruik van koejawels te promoveer. Na die uiters suksesvolle twee jare van reklame rondom die koejawel en sy goeie eienskappe is besluit om die klem ietwat te verskuif hierdie jaar. Die doel bly steeds om die verbruik van koejawels te verhoog in die sap, inmaak en vars mark.

Om die maksimum voordeel uit die Wêreld Sokker te kon kry is op die voedsel dienste sektor (Food Service) gefokus. Dit sluit onder andere in dat hotelle en restaurante van promosie materiaal vir sap en inmaak koejawels voorsien is. Die hoofdoel was om die koejawel in hierdie sektor te promoveer deur :

- [1] Te fokus op koejawelsap en ingemaakte koejawels
- [2] Om die verbruiker in hierdie mark te oortuig van die gesondheidswaarde van koejawels
- [3] Om die verbruiker te motiveer om koejawels sy eerste keuse te maak.

Sir Juice, die leier op hierdie gebied is vir die veldtog gebruik. By die punt van verbruik is promosie materiaal gebruik in die vorm van :

- [1] Koejawel inligting pamflette met resepte
- [2] Plak pamflette (Wobblers) wat aan saptente vas gesit is

- [3] Tentvormige pamflette (Table Tents) wat op tafels geplaas is
- [4] Plekmatjies (Coasters) met koejawel inligting by hotel en restaurant tafels

Hierdie stap was 'n poging om koejawels in 'n ander marksegment aan die verbruiker voor te hou. Dit is uiters moeilik om die sukses van die veldtog te meet, maar dit vorm deel van 'n oorhoofse strategie om koejawels te promoveer.

## WORLDWIDE MARKET FOR EXOTIC FRUIT

Eleven Malaysia's tropical fruits - starfruit, dragon fruit, pineapple, rambutan, durian, polelo, papaya, mango, mangosteen, jack fruit and guava - have been identified as new export earners for the country, and most of them have already been commercially produced over the years. The local tropical fruit sector still falls short in terms of increased production, quality control and proper promotion and marketing.

Tropical fruits - imported as "exotic" fruits in the west - are fast gaining popularity worldwide . Europe is currently the largest consumer, marking up almost 50% of the tropical fruit market. In a recent report, the Food en Agriculture Organisation of the United Nations (FAO) said that world production and trade of fresh tropical fruits was expected to expand over the next decade.

## VERBRUIKERSTUDIE OLIMPIADE

Soos die afgelope 20 jaar het die Koejawel Produsente Vereniging weer deelgeneem aan die Verbruikerstudie Olimpiade van die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie Olimpiade vind plaas vir Graad 11 & 12 leerders oor die hele land. Die Olimpiade is op Dinsdag 27 Julie 2010 by alle deelnemende skole geskryf.

Hierdie jaar is die uitnodiging na 1500 skole landwyd gestuur. 'n Oorweldigende aantal van 5250 leerders het ingeskryf en die pryswenners van skole en/of leerders sal op 23 September 2010 te Stellenbosch hul pryse ontvang. Kookware (R4800), geskenkbewyse (R37 000), boekpryse (R8 800), kontantpryse (R22 000), stowe en ander kan deur skole en/of leerders gewen word.

Vir die Koejawel Produsente Vereniging hou dit die voordeel in dat 5250 leerders van Verbruikerstudie (voorheen Huishoudkunde) in 1500 skole bewus word en vrae beantwoord oor koejawels. Verder kry die Koejawel Produsente Vereniging vermelding in die brosjure, asook tydens die prysuitdeling.

**Besoek ons Webwerf**

[www.guavaproducers.co.za](http://www.guavaproducers.co.za)

**Skryf vir ons 'n briefie**

victor@guavas.co.za

## **Koejawelverwelksiekte: Waarskuwing teen vervoer van koejawelplantmateriaal**

**M.H. Schoeman**

Koejawelverwelksiekte (KVS) wat deur die swam *Nalanthamala psidii* veroorsaak word, kom in al die koejawelproduserende gebiede van Mpumalanga en Noordelike Provinsie voor. Die siekte is die eerste keer in 1981 in SA gerapporteer toe 'n uitbraak in die Malelane gebied in die Mpumalanga Provinsie voorgekom het.

'n Soortgelyke siekte wat deur dieselfde swam veroorsaak word, kom ook op koejawels in Taiwan en Maleisië voor. Daar is geen rekord van plantmateriaal wat tussen hierdie drie lande beweeg het nie, maar die vermoede bestaan dat die siekte wel in SA ingebring is deur onwettige plantmateriaal van een van hierdie lande.

Huidiglik is die koejawelproduserende gebiede van die Wes-Kaap vry van KVS. Kwarantynwetgewing wat sedert 1985 ingestel is, is waarskynlik die rede hiervoor.

Alhoewel die beheermaatreëls sover kon verhoed dat die Kaapprovinsie vry van koejawelverwelksiekte is, is die koejawelproduserende gebiede in hierdie area nog steeds in groot gevaar deurdat plantmateriaal onwettig na hierdie areas geneem kan word.

Aangesien daar geen beheermaatreëls teen die siekte is nie, is die beste voorsorgmaatreël huidiglik om te verhoed dat die siekte in 'n

area inkom. Die enigste ander alternatief is die plant van weerstandbiedende kultivars. Die kultivar wat tolerant teen die siekte is en tans beskikbaar is, is TSG2 wat in 1995 deur die LNR-ITSG vrygestel is. Die koejawelproduserende gebiede van die Noordelike provinsie bestaan tans grootliks uit aanplantings van TSG1 en TSG2. Sedert Maart 2009 is daar egter gevalle aangeteken waar TSG1 en TSG2 bome ook verwelksiektesimptome toon en bestaan die gevaar nou dat die swam 'n genetiese verandering ondergaan het en weerstand oorkom het. Dit voorspel natuurlik niks goeds vir die koejawel produserende gebiede van die Noordelike provinsies nie, maar hou ook 'n bykomende gevaar vir die Kaapprovinsie in.

Alhoewel wetgewing in plek is om die vervoer van plantmateriaal te beheer, is dit belangrik dat die koejawelprodusente van die Kaapprovinsie ook self polisieman speel. Indien koejawelplantmateriaal, wat nie in kwarantyn was nie, vanuit die Noordelike provinsies of vanuit ander lande waargeneem word, moet die plaaslike plant en saad inspekteur of die Koejawelkwekersvereniging onmiddelik in kennis gestel word.

Onthou die koejawelindustrie is julle industrie, beskerm dit, want anders gaan KVS as dit eers in die Kaapprovinsie uitbreek, sonder twyfel dieselfde verwoestende effek hê as wat dit in die Noordelike provinsies gehad het.

Thank goodness for **GUAVAS**

## BESTUUR VAN DIE VERENIGING

Tydens die Algemene Jaarvergadering van 12 April 2010 te Kleinvalleij, Wellington is die area verteenwoordigers, asook die addisionele Bestuurslede soos voorgelê goedgekeur.

Hieronder volg die Bestuurslede van die onderskeie areas :

<b>STREEK</b>	<b>VERTEENWOORDIGERS</b>
Porterville	C C van der Merwe
Paarl / Simondium	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	J J P Uys
Mosselbaai/Klein Brakrivier	B Robertson
Verkose Bestuurslede	W Visagie P J Malherbe

Verder is die Voorsitter en Vise-voorsitter verkies op die eersvolgende vergadering van 2 Junie 2010 te Paarl.

Mnr Dos Joubert is as Voorsitter en mnr Poena Malherbe as Vise-Voorsitter herkies.

## BOOMSENSUS

Teleurstellend min prudusente het tot op datum hul boomsensusvorm teruggestuur. 'n Tweede opvolg poging het ook nie veel opgelewer nie. Om 'n suksesvolle winsgewende bedryf oor die langtermyn te help bou, word betroubare inligting benodig.

Graag word u samewerking hiermee gevra. Sal u asseblief u sensusvorm terugstuur en indien u nie een ontvang het nie of dit verlê het, met die kantoor te skakel.